# Mnr Chris Fismer LP: Adjunk-minister van Justisie



Christiaan Loedolff Fismer (Chris) is op 30 September 1956 gebore en het sy skoolopleiding in Pretoria ontvang. Hy het die grade B. Com, BLC en LLB aan die Universiteit van Pretoria verwerf, waar hy Dux-erekleure asook verskeie ander toekennings ontvang het.

Na 'n tydperk as staatsaanklaer het hy homself as prokureur kwalifiseer, waarna hy tot die Pretoria-Balie toegelaat is.

In 1987 is hy as Parlementslid verkies en in die verkiesing wat op 27 April 1994 plaasgevind het, is hy tot die Nasionale Vergadering van die Parlement verkies.

In April 1994 is hy as Adjunk-minister van Justisie aangestel.

As lid van die Nasionale Party was mnr Fismer onder andere die eerste Jeugleier van dié Party in Transvaal. Hy is ook voorsitter van die Regskommissie van die Party in Transvaal en dien daardeur op die Dagbestuur van die Party in Transvaal.

Mnr Fismer is getroud met Linda Mills, en hulle is die ouers van 'n tweeling, beide dogters, wat tans 9 jaar oud is.

In 'n boodskap aan Consultus sê mnr Fismer:

Die regsberoep staan sentraal tot vele van die verandering wat ons land beleef het en steeds beleef.

Al die veranderinge het die potensiaal om egter 'n veel beter regsisteem tot gevolg te hê, mits dit reg bestuur word en alle rolspelers se deelname en kundigheid betrek word. In dié verband mag die advokatuur nie in die koue staan nie, en het u afsonderlik en kollektief 'n onmisbare bydrae om te lewer.

All of us who are in some way or another associated with our legal system, are in the privileged position to assist in ushering in the new culture of constitutionalism and human rights in our country. Thus we all have the task of being innovative architects and meticulous builders promoting uncompromising principles that will lead to a just and free society.

Our challenge is that future generations should look back at these times and hold the opinion that a solid foundation was laid.

Ek self sien daarna uit om in hierdie proses 'n beskeie bydrae te lewer. In my eie loopbaan beskou ek myself met trots as 'n produk van die Balie. My verbintenis met u is vir my van groot belang.

Terwyl al die veranderinge ook ongetwyfeld groot eise en uitdagings aan u as Balies gaan stel, het ek geen twyfel dat daar 'n belangrike plek vir u in ons regsisteem is nie en dat u oor die kwaliteite beskik om uself te handhaaf.

*Consultus* wens mnr Fismer geluk met sy aanstelling as Adjunk-minister en wens hom alles van die beste toe vir die toekoms. □